Laerskool Eligwa

14 Mei 2021

Geagte ouers / voogde

Daar is 3 ouers wat ons in kennis gestel het dat hulle kinders positief getoets is vir Covid-19. Na konsultering vroeg vanoggend met die Onderwysdepartement, het ons besluit om die hele skool te sluit tot en met Woensdag, 19 Mei 2021. Die hele skool sal gedurende die sluitingsperiode gesaniteer word. U kinders se veiligheid is vir ons belangrik. Baie dankie dat u verantwoordelikheid neem om die skool in kennis te stel en u kind dienooreenkomstig te isoleer.

Elke kind wat positief toets, moet 'n bewys aan die skool lewer sodat ons dit aan die Onderwysdepartement kan rapporteer. Hulle adviseer dan die skool op hulle beurt wat van ons verwag word. Hou asseblief u kind dop vir simptome en isoleer vir 10 dae indien nodig.

Die skool sal dus weer open op Donderdag, 20 Mei 2021.

Ek wil ook 'n vriendelike beroep op elkeen van u doen om die skool te skakel indien daar enige onduidelikheid is rakende die skool se optrede rakende Covid-19. Wees trots op u skool en moet u nie na sosiale media wend om aandag te trek nie. Elke kind se veiligheid is vir ons belangrik. Ons het u samewerking nodig om ingelig te bly en sinvolle besluite saam met die Onderwysdepartement te neem.

Eligwagroete

B. Boshoff

Hoof

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate • ✉ 11 • VANDERBIJLPARK • 1900 • ☎ (016) 933-4774 • Faks (016) 981-0305 • E-pos: eligwa@mweb.co.za